higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 3

16 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 D
1.4 C
1.5 C
1.6 B
1.7 C
1.8 A
1.9 B
1.10 C
1.11 A
1.12 C
1.13 D

(13 × 1) **[13]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Waar
2.11 Onwaar
2.12 Onwaar
2.13 Onwaar
2.14 Onwaar
2.15 Waar

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 I
3.2 D
3.3 L
3.4 H
3.5 B
3.6 F
3.7 A
3.8 Q
3.9 N
3.10 O

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 WAF en AIFF
4.2 PSD
4.3 beeldsoeker
4.4 subliminale boodskappe
4.5 jukstaposisie
4.6 perkament
4.7 Gouache

(7 × 1) **[7]**

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B


VRAAG 5

5.1 **LET WEL: Enige toepaslike antwoord wat wys dat die student die vraag verstaan. Sien saam met die student na, aangesien die antwoorde net riglyne is.**

- Funksie: ✓ ’n Stoel vir ’n kantoorruimte. Dit lyk nie baie gemaklik nie. Dien as ’n dekoratiewe en bruikbare voorwerp. ✓
- Estetika (‘Aesthetics’): ✓ Die stoel het ’n interessante en kreatiewe ontwerp en lyk baie modern, hoewel dit uit pyp-afsnystukke gemaak word. ✓
- Konstruksie (‘Construction’): ✓ Die stoel is van plastiekpype gemaak wat lukraak vasgegom is.
- Ekonomie: ✓ Die stoel kos R9 000 en is baie duur wanneer in ag geneem word dat die materiale baie bekostigbaar is. ✓ (4 × 2) (8)

5.2
- 'n Aanbieding benodig 'n titelskyfie met goeie ontwerp en uitleg.
- Besluit op verskillende gedeeltes.
- Kies 'n toepaslike tema wat die projek ondersteun.
- Dink noukeurig na oor die kleur wat in jou aanbieding gebruik word.
- Verdeel die teks in sleutelpunte – nie meer as ses punte nie (geen paragrawe nie).
- Sluit foto's en visuele beelde van goeie gehalte in.
- Teksgrootte moenie kleiner as 24 punte wees nie.
- Teks moet leesbaar wees – gebruik kleurblok indien nodig.
- Maak seker dat die teks en visuele beelde genoeg spasie het.

(Enige SES punte) (6)



Simmetries Asimmetries

5.3 Merk saam met student. (4)

5.4 5.4.1 Verskillende fonte en lettertipes: Ontwerpsagteware stel ontwerpers in staat om verskillende soorte teks in 'n groot verskeidenheid lettertipes te gebruik. Fonte moet duidelik en leesbaar wees. Spasiëring van karakters is belangrik en moet maklik leesbaar wees. Elke styl het 'n spesifieke eienskap en kommunikeer iets anders. Laat studente toe om 'n voorbeeld te gee, bv kursief/romein. (3)

5.4.2 Kompressie: Dit is wanneer 'n lêer verklein word om minder spasie op die rekenaar se hardeskyf op te neem. Kan die gehalte van die beeld beïnvloed wanneer dit gedruk of gezoem word. Beelde op internet is gewoonlik gekompakteer. In Flash word beelde en klanklêers gekompakteer in 'n videolêer wat klein is en maklik oorgedra kan word. (3)

5.4.3 Tussenin-rame ('tweening'): Term word gebruik om die proses te beskryf wat gebruik word wanneer 'n gladde beweging tussen die verskillende posisies van 'n voorwerp geskep word om die voorwerp van punt A tot punt B op die skerm te beweeg. Klassieke 'tweens', bewegings-'tweens' word gebruik om 'n gladde oorgang tussen verskillende posisies van 'n bewegende voorwerp te skep. Vorm-'tweens' – oorgang tussen vorms. (3)

5.5
- 2 punte vir die korrekte uitvoering van die vraag. (Die ontwerp moet gebaseer word op die templaat wat in die vraestel gegee word.)
- 4 punte vir kreatiwiteit, oorspronklikheid en praktiese ontwerp
- 1 punt vir die korrekte naam van die produk.
- 2 punte vir korrekte inligting op verpakking (bv: kontakbesonderhede, slagspreuk, voorstellings op verpakking. Let Wel: Dit is net 'n riglyn.) ✓✓

(9)

5.6
- Verpakking is eenvoudig, liggewig en maklik om te hanteer en in voorraad te hou.
- Hou koffie warm.
- Maklik om te gebruik en met deksel te verseël.
- Afbreekbaar en maklik om te herwin.
- Maklik om teks op oppervlak te druk en goed vir advertensie.
- Goedkoop om te reproduseer. (Enige 4 × 1) (4)

5.7
- 1 punt vir die korrekte uitvoering van die vraag. (Die korrekte grootte van die reklamebord in die student se antwoordboek)
- 4 punte vir kreatiwiteit, oorspronklikheid en praktiese aard van die ontwerp van die reklamebord.
- 2 punte vir die kreatiewe gebruik van grafika.
- 1 punt vir gebruik van een van die produkte wat voorsien is (8)

5.8 5.8.1 Towerstokkie-hulmiddel (‘magic wand’): Gebruik om alles te selekteer wat dieselfde kleur is of dieselfde kenmerke het. Gebruik om die kleur te verander in alle voorwerpe/objekte waar dit gebruik word.

5.8.2 Vormhulpmiddel (‘shape tool’): Gebruik om verskillende vorms te teken. Jy kan die kenmerke van die vorms verander deur die pyltjiesleutels en muisknoppie in te hou.

(2 × 2) (4)

5.9
- Toepaslike font
- Opskrif
- Groot, toepaslike illustrasies
- Kolomme
- Foto’s en illustrasies
- Teksblokke
- Treffende aanhalings
- VVV’s
- Kontakinligting (Enige VYF toepaslike antwoorde) (5)

[57]


VRAAG 6

6.1 Outydse styl soos romeinse lettertipes wat in die 15de en 16de eeu in Italië geskep is. Hierdie lettertipes het 'n baie geringe haalkontras ('stroke contrast') en 'n diagonale klem.

Moderne lettertipe: Vanaf die mid-18de eeu. Groot kontras tussen dik en dun hale en gebruik haarlyn-hale. Dit bevat ook haarlynserifs en lyk meer meganies.

Times New Roman
Times New Roman Italic
Times New Roman Bold
Times New Roman Bold Italic

Romeinse lettertipe ✓ (3)




Moderne lettertipe

6.2
- Vlekfikseerder ('blemish fixer'): Verwyder sproete, letsels en ander ongewenste merke van die vel. Hulpmiddel het twee sirkels.
- Tandeborsel: Gebruik om tande outomaties witter te maak. Dit verstel die pixels rondom die geselekteerde area binne 'n soortgelyke kleurwaarde.
- Oogdruppel: Maak bloedbelope oë witter. Stel sterkte van die hulpmiddel.
- Vermindering van rooi oë: Gebruik om rooi oë te verwyder wat deur kameraflits veroorsaak word.
- Sonbruin: Word gebruik om bleek vel sonbruin te laat lyk.
- Verslanker ('thinify'): Laat onderwerpe in foto maerder lyk.
- Velgladstryking: Laat alle gelaatskleure gladder lyk. (Enige 5 × 2) (10)

6.3
- PNG
- TIFF
- JPEG (3)

6.4
- Dialoog ✓ – dit is die spraak tussen twee of meer karakters.✓
- Musiek ✓ – gebruikmaking van musiek op die korrekte plekke kan die kykers help om die spesifieke toneel in die rolprent te verstaan. Dit help ook om dit interessant te hou.✓
- Klankeffekte/byklanke✓ – dit kan realiteit by die toneel voeg, en dit meer geloofwaardig maak. Dit kan ook die stemming van die rolprent versterk. ✓ (3 × 2) (6)

6.5



Hatching = arsering
Scumbling = beneweling
Stipping = stipping
Cross-hatching = kruisarsering
Blending = ineensmelting

EEN punt vir naam ✓ en EEN punt vir tekening/tegniek.✓
(Enige DRIE tekentegnieke) (6)

6.6
- Tradisionele animasie
- Stopbeweging-animasie
- Uitknip-animasie
- Kleibeweging-animasie
- Rekenaaranimasie (5)

6.7 Balans is die gelyke verspreiding van visuele gewig in ’n ontwerp.

Daar is twee soorte balans, naamlik:
- Simmetriese balans: verwys na balans wat geskep word deur elemente aan weerskante van ’n komposisie in ’n gelyke geweegde verspreiding te rangskik.
- Asimmetriese balans: die twee kante is nie identies nie, maar die elemente word sodanig gerangskik dat daar ’n sin vir balans is. (3)

6.8 6.8.1 Heldertoonbeligting
Normaalweg in ’n studio gedoen, omdat dit ’n groot hoeveelheid beheerde ligbronne benodig. Toneel bestaan uit wit en ligte kleure. Afbeelding is baie helder.

6.8.2 Dowwetoonbeligting
Teenoorgestelde van heldertoon. Die toneel is sodanig saamgestel dat die meeste daarvan swart is. Het dramatiese en teatrale gevoel.

6.8.3 Barsmodus
Reeks foto’s wat kort ná mekaar geneem word. Dit word gebruik om foto’s van bewegende onderwerpe/voorwerpe te neem, bv sportgeleenthede.

(2 × 2) (6)

6.9
- 2 punte vir kreatiwiteit, oorspronklikheid en praktiese aard van die ontwerp.
- 6 punte vir die korrekte inligting wat op die kaartjie ingesluit is. Dit behoort enige van die volgende in te sluit:
- Maatskappy se naam en slagspreuk
- Naam en van
- Titel/posisie
- E-pos/webtuiste/adres
- Telefoonnommer
- Selfoonnommer (8)

[48]

TOTAAL AFDELING B: 105
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou